

“Die Here het teen my gedraai”

Rut 1:1-22



Kai Pilger: <https://www.pexels.com/photo/brown-wheat-plant-454509/>

I

Op die derde Sondag na Epifanie staan ons stil by ‘n verdere “onthulling”, ‘n ooptrek van die gordyn, om iets meer van die agterdie-skerms-werkende God te openbaar. In daardie tyd (en dis vandag nog so), is die beste manier om die sluier weg te trek deur ‘n storie te vertel.

II

Die boek Rut is ‘n kunstig-saamgestelde verhaal, met vele lae betekenis. Die oorkoepelende bedoeling is om te onthul hoe God sy belofte, dat die Messias uit die geslag van Abraham en Dawid gebore sou word, deur die geskiedenis van opeenvolgende geslagte

waarmaak ... al hang dié storielyn soms aan ‘n dun, ragfyn draadjie. Soos inderdaad in die verhaal van Naomi en Rut geïllustreer word.

Hoofstuk 1 gee net eers die agtergrond. Dit vertel van rampe. Verwoestende droogtes – eers in Bethlehem in Juda en toe in Moab waarheen die familie uitgewyk het. Dit vertel van siekte en dood. Naomi (“aangename”) verloor haar man Elimelek (“God is Koning”) en haar twee seuns Maglon (“swak” of “siek”) en Giljon (“gedaan” of “einde”) deur die dood. Sy bly as weduwee alleen agter met haar kinderlose skoon dogters, Orpa (“wederstrewige”) en Rut (“vriendin”). Niemand was in dié tyd so weerloos as ‘n weduwee sonder kinders nie. En dan boonop as ‘n vreemdeling en vlugteling in die vyandiggesinde Moab, en dit tydens ‘n erge droogte! Haar gewone daaglikse bestaan is bedreig. Waar gaan sy kos kry? Naomi besluit om liever terug te keer na Juda; ten minste het dit daar begin reën, hoor sy. Dalk daar gaan bedel...?

Beide haar dogters wil eers saam met haar trek, maar Naomi wil van niks weet nie. Om hulle lot by haar in te gooi, sou dom wees. Want, en dis die verskriklike werklikheid wat Naomi telkens in die eerste hoofstuk herhaal: “God het teen haar gedraai”. Haar lot is bitter swaar. Die Here het self die rampe oor haar gebring. Nie net is God afwesig in al die gebeure nie, nee, erger nog: dis Hyself wat hierdie ellende veroorsaak. Hy het haar lewe wat eens vol was, leeggemaak. Meer troosteloos kan dit nie. So het Naomi geglo; so getuig sy ook hardop. Daarom vra sy dat haar naam liever na Mara verander word “want die Almagtige het die lewe vir my bitter gemaak”.

III

Miskien moet ons die storie net eers hier stop en bietjie nadink oor ons eie tyd. Dis asof ons iets van ons eie tyd in hierdie storie herken: rampe, die al hoe erger wordende pandemie, die dood wat al hoe nader sluip, die werkloosheid en hongerte, die ontheemsing en vervreemding – waar vlug ons heen? Wanneer sal ons eendag weer

vry kan kom en gaan, werk of speel? En saam aanbid? Sonder vrees? Maar dieper nog, die ontstellende vraag: waar is God in dit alles? Is Hy regtig nog in beheer? Kan Hy ingryp, of is ons maar aan die noodlot uitgelewer? Is ons hoop maar net gebou op menslike pogings, wat, so lyk dit al hoe meer, telkens misluk – byvoorbeeld, gaan ons in ons land ooit entstof teen die virus kry, of gaan dit ooit werk teen die nuwe mutasies? Of erger nog: is dit dalk God wat al hierdie rampe oor ons bring? Soos by Naomi hang ons geloof aan ‘n dun draadjie, kom ons deesdae meer dikwels by die afgrond van ongeloof uit. Het God dan teen ons gedraai?

IV

Rut se verhaal gaan verder oor menslike inisiatief, planne, besluite, verantwoordelikheid neem, nie gaan lê nie. Naomi kyk die realiteit van haar situasie in die oë. Naomi besluit om terug te trek Juda toe; dalk is daar ‘n beter kans. Maar dit gaan moeilik wees! Haar Moabitiese skoondogters moet besluit. Orpa draai terug, Rut kies om lojaal te wees aan haar skoonma, en haar lot by dié van haar skoonma in te gooi. ‘n Geweldige keuse: as Moabiet kies sy vir ‘n vreemde, nuwe land, ‘n woonplek tussen vreemde mense met ‘n vreemde God ... ja, dieselfde God wat skynbaar teen Naomi gedraai het. Haar keuse gaan oor omgee en liefde vir Naomi, ongeag! En dan kom dié twee brose vroue in Juda aan, sonder heenkome of kos. Planne sal gemaak moet word. Die spanning in die storielyn het opgebou. Gaan dié weerlose vroue dit maak? Is daar vir hulle ‘n toekoms?

V

En dan eindig die hoofstuk tog op ‘n verrassende, positiewe noot. Dis asof die gordyn effens weggetrek word. Daar staan: “Hulle het in Bethlehem aangekom aan die begin van die garsoes” (vers 22). “Aan die begin van die garsoes...” ‘n terloopse opmerking wat nuwe moontlikhede open, ‘n wenk gee, ‘n heenwysing na nuwe hoop. Jy

moet dit net leer raaksien en raakhoor. Kyk jy dan nog bietjie dieper hoor jy dat Naomi al die tyd, ten spyte van haar vertwyfeling oor alles en veral oor God, Hom tog nog die Here noem, selfs die Almagtige. In haar vertwyfeling, in al haar menslike planne, het sy die moontlikheid dat die Here, die Almagtige tog werksaam agter dit alles is, nie heeltemal laat vaar nie. Of kom ons sê dit andersom: God het Naomi en Rut nie laat vaar nie. Mens kry hier in die eerste hoofstuk reeds die vermoede dat hulle planne, hulle menslike inisiatiewe, om binne moeilike omstandighede verantwoordelikheid te neem, nie losgemaak kan word van 'n groter plan wat mettertyd al hoe duideliker sal word nie.

Al sien ons nie dadelik God se hand in die gewone, elke-daagse gebeure en keuses wat ons maak nie, al verstaan ons nie hoekom dinge met ons gebeur nie, moet ons steeds die moontlikheid oophou dat dit tog God self is, dat dit sy hand is wat agter alles sit, wat alles stuur binne sy groter plan met ons elkeen se lewe. Dis die gordyntjie wat Rut se verhaal so bietjie vir ons help wegtrek (*epifanie*). En daarin sit vir ons 'n ryke troos, ook vir ons eie tyd en omstandighede. Al sien ons nie nou God se hand nie, al is God se teenwoordigheid soms so versluier, is Hy tog dáár, híér, óral aan die werk, ook deur ons eie menslike planne en pogings heen. En daarom moet ons ook nie ophou met ons eie planne en keuses en pogings nie. Ons kan nie oorgee en gaan lê nie.

VI

Daar is 'n bekende spreekwoord wat lui: “die mens wik, maar God beskik”. Die *maar* in die spreekwoord laat dit klink of ons menslike poging bietjie teenoor God se beskikking staan, asof ons alles maar liewer aan God moet oorlaat. Asof wetenskap en geloof teenoor mekaar staan. Nee, sê die storie van Rut, die spreekwoord moet liewer lui: “die mens wik én God beskik”. God werk deur mense wat self werk en werskaf, wik en weeg, besluite maak,

verantwoordelikheid neem, hulle “common sense” gebruik, nie alle hoop laat vaar nie – want ons kan weet en bly glo dat God dit wat ons doen binne sy groter, beter plan kan en sal gebruik.

Hoe God Naomi en Rut se slim plannetjies gaan gebruik en laat uitwerk, daaroor trek die res van hierdie opwindende storie die gordyn mettertyd bietjie wyer oop.